FMR Boekkeuse: Aanbieding Woensdag 21 April 2021

Aangebied deur Amanda Botha

Welkom by ons aanbieding van ***Boekkeuse***, ons gereelde program oor skrywers en boeke met my, **Amanda Botha**, as aanbieder.

Ons program vandag fokus op fiksie – drie romans onder bespreking, ***Rooiborslaksman*** van **Marinda van Zyl**, **Erwin Mortier** se ***Wanneer die gode slaap*** en **Peet Venter** se ***Dooies praat weer.***

Belangrik ook is die drie nuwe digbundels wat bekend gestel word. **Gerard Scholtz** se ***Stipstaar*** en **Bernard Odendaal** se ***Nootvas. Kwashaal. Stapel.*** **Joan Hambidge** lees drie gedigte voor uit haar nuutste bundel, ***Nomadiese sterre***, wat pas verskyn het. Jeugboeke kry ook aandag.

Joan Hambidge se jongste digbundel, ***Nomadiese sterre***, wat by by Protea Boekhuis verskyn het, volg kort op die hakke van haar bundel, ***Konfessies, kaarte en konterfeitsels***, wat verlede maand bekend gestel is.

Voorlesing: **Joan Hambidge** uit ***Nomadiese sterre*** (Protea Boekhuis) (2:55 min.)

Musiek:

Joan Hambidge het drie gedigte voorgelees uit haar jongste bundel, ***Nomadiese sterre.***

Nou bespreek **Joan Hambidge, Gerard Scholtz** se bundel, ***Stipstaar,*** wat deur Fynbos uitgegee word.

Bespreking: Joan Hambidge – Gerard Scholtz se ***Stipstaar.*** Fynbos Uitgewers. (4:00min.)

Alet Mihalik bied ‘n bespreking aan van **Erwin Mortier** se ***Wanneer die gode slaap*** wat **Fanie Olivier** in Afrikaans vertaal het. **Marné Joubert**, ons gewaardeerde FMR-kollega, lees voor.

Bespreking: Alet Mihalik - **Erwin Mortier** - ***Wanneer die gode slaap.*** (Protea Boekhuis). Voorlesing: Marné Joubert**.** (10:31min)

Musiek:

Riette Rust het **Marinda van Zyl** se historiese roman, ***Rooiborslaksman*** onderhoudend en interessant gevind. Sy deel nou haar indrukke daarvan.

Bespreking: Riette Rust het **Marinda van Zyl** se historiese roman, ***Rooiborslaksman*** (Tafelberg) (6:39 min.)

Nadia Victor bespreek op haar eiesoortige manier **Peet Venter** se krimi, ***Die dooies praat weer.*** Lapa is die uitgewer.

Bespreking: Nadia Victor - **Peet Venter** se ***Die dooies praat weer..*** Lapa. (1:58 min).

Ivor Swartz jeug memoire as seun van Gaatjie in Grabouw, is pas bekroon met die Desmond Tutu-Gerrit Brand-prys, deel van die Andrew Murray-prysfonds. Die beoordelaars die ***Die verlore seun vannie Gaatjie*** beskryf as:” ‘n Vreesloos eerlike debuut deur ‘n bekendige storieversteller.”

Bespreking: Amanda Botha – **Ivor Swartz – *Die verlore seun vannie Gaatjie*.** Lux Verbi (0:44 min.)

Ons jeugboekbespreking volg nou.

Bespreking: Amanda Botha – *Die 17de Veer* – Nannette van Rooyen (Lapa); ***Die geheim van die spookwerf* – De Wet Hugo** (Human & Rousseau**) en Offers vir die vlieë – Fanie Viljoen** (Lapa). (3:50 min).

Musiek:

Joan Hambidge bespreek **Bernard Odendaal** se jongste bundel, ***Nootvas. Kwashaal. Stapel.***

Bespreking: Joan Hambidge - **Bernard Odendaal** se ***Nootvas. Kwashaal. Stapel.*** Tafelberg. (7:21 min.)

Musiek:

Baie dankie vir ons luisteraars se gewaardeerde terugvoering waaraan ons veel plesier het en baie inspirasie put. Elke keer is dit ‘n riem onder die hart!

Mag dit vir ons almal ‘n maand van vele vreugdes wees waarin boeke ‘n spesiale plek sal vul.

Ons groet tot ‘n volgende keer.